basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2017

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 40 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 10 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 14 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 17 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 20 |
| | | |
| 7. *Fiela se Kind – Die Drama* | 35 | 23 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Veertig sinkplate teen die Suidewind" | 18 | 27 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 17 | 28 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Ek het 'n huisie by die see" | 17 | 31 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Palimpses" | 18 | 32 |

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien ironie, vergelyking en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunt gegee word. Sien slegs 1 feit per koeëlpunt na indien 2 feite by een koeëlpunt gegee is.

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • Op die Pictor<br>• Op die skip/driemasbark<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | • Terblans wou Oupoot se tande/ivoor gehad het.<br>• Jozef het Terblans gevra om Oupoot te skiet.<br>• Die Bosmense het geglo dat Oupoot vir klein Joram se dood verantwoordelik was/verwoesting gesaai het.<br>• Terblans wou geld uit Oupoot maak.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.3 | vir Oupoot gerespekteer het. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.4 | • Oupoot was Saul se dierbroer.<br>• Oupoot het vir Saul uitgekies.<br>• Daar was 'n band tussen Saul en Oupoot.<br>• Maska kon nie glo Saul wou vir Oupoot skiet nie.<br>• Maska wou nie gehad het Oupoot en Saul moes so 'n trauma/hartseer beleef nie<br>• 'n Dierbroer/dier en mens met so verhouding kan nie op so 'n manier tot 'n einde kom nie<br>• Maska het die band tussen Saul en Oupoot geken.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.5 | • C<br>• Maska het vir Saul as bewaarder van die Bos gerespekteer.<br>• C Maska het vir Saul as bewaarder van die Bos gerespekteer.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.6 | Die Bosmense sou Saul nie help nie, omdat ...<br>• hy teen sy pa in opstand gekom het.<br>• hy by MacDonald gaan werk het.<br>• Saul alles bevraagteken het.<br>• Saul nie in die Bos wou bly nie.<br>• Arend dood is nadat Arend vir Saul gehelp het.<br>• hulle gedink het Saul het sy pa-hulle verraai oor die olifanttande.<br>• hulle gedink het Saul was 'n spioen.<br>(Bogenoemde impliseer almal 'n NEGATIEWE HOUDING wat op sy eie ✓ kan verdien, maar dan kan die kandidaat nie vir die bogenoemde ook punte verdien nie)<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 2 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | (Saul het) goud (uitgehaal/gedelwe). | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.7.2 | Kate (MacDonald) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.8 | Ons kan vir Saul prys dat hy bereid was om sy rykdom te deel, want ...<br>• hy het dit gedoen al het sy familie/die Bosmense hom sleg behandel.<br>• hy wou hê sy familie/die Bosmense moes ook 'n beter lewe hê.<br>• Dit het aangedui dat hy nie selfsugtig was nie.<br>• Saul het besef/was nederig genoeg om te erken hy het sy familie se vergifnis/hulp nodig gehad om te kon aanbeweeg.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.9 | • Oupoot het verskyn toe Saul se ma dood is.<br>• Oupoot het om Saul se blyplek gedwaal toe Saul siek was.<br>• Oupoot het aan Saul verskyn nadat Saul die tyding van sy pa se dood gekry het.<br>• Oupoot wou vir Saul wys hoe Meulbos verwoes is.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 1.10 | • Saul sou met die skip/Pictor weggegaan het (Engeland toe).<br>• Saul sou nie by Kate uitgekom het nie.<br>• Saul sou nie teruggekeer het Bos toe nie.<br>• Saul sou nie kon help om geleenthede in die Bos te skep nie.<br>• Saul sou altyd die verraaier/spioen/buitestander gewees het.<br>• Saul sou nie met sy broer/Jozef versoen geraak het nie.<br>• Saul sou altyd voel dat hy vir Oupoot in die steek gelaat het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.11 | • Die leser het verwag dat Saul/Terblans vir Oupoot sou skiet.<br>• Niemand het verwag dat Stopforth vir Oupoot sou skiet nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.12.1 | • Saul se pa het hom weggejaag.<br>• Saul wou nie verder 'n pad stap wat na nêrens lei nie./ Saul wou nie soos die Bosmense wees/'n boswerker word nie.<br>• Saul wou nie alles net aanvaar soos sy familie en die Bosmense nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.12.2 | • (Op) Knysna<br>• In MacDonald se skuur/op MacDonald se werf.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.13.1 | MacDonald | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.13.2 | • (MacDonald/Hy het die Bosmense in) die skewe sirkel (vasgevang).<br>• MacDonald/Hy het die Bosmense by hom in die skuld gehou.<br>• MacDonald/Hy het die Bosmense gedwing om net by hom te koop.<br>• MacDonald het bepaal watter tipe hout hy wanneer wou hê.<br>• MacDonald het die prys van die hout bepaal.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 3 |
| | | | |
| 1.14 | • Kate het iets belangriks gehad om te sê.<br>• Kate wou so wys dat sy aan Saul se kant is/omgee.<br>• Kate wou Saul se aandag trek.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.15 | Ja.<br>• Kate was lief vir Saul.<br>• Saul sou nie op 'n ander manier Thompson se hoekerf kon kry nie.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Kate het teen haar pa gedraai.<br>• Kate was verblind omdat sy verlief was op Saul.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.16 | • A<br>• en Jozef vrede sou maak.<br>• A en Jozef vrede sou maak.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.17 | Saul sou skuldig kon voel omdat ...<br>• hy sy rug op die Bos se vernietiging gedraai het.<br>• hy sy rug op sy familie/Kate/Maska gedraai het.<br>• hy geweet het dat hy nooit weer sou terugkeer na die Bos toe nie.<br>• hy nie vir Oupoot van vernedering sou kon red nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.18 | • Maska het namens Joram gaan kyk of dit goed gegaan het met Saul.<br>• Maska het vir Saul gaan vertel hoe dit met sy familie gegaan het.<br>• Maska het regdeur die roman probeer om die vrede tussen Saul en sy familie te bewaar.<br>• Maska het altyd by Saul gestaan/hom verstaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.19.1 | hardkoppig | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.19.2 | individualisties | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20.1 | • B<br>• Sanna<br>• B Sanna<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20.2 | • D<br>• Kate se ma<br>• E Kate se ma<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20.3 | • C<br>• Kate<br>• C Kate<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20.4 | • E<br>• Jane<br>• E Jane<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.21 | sy haat vir leuens | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.22 | • Die natuur word vandag nog/steeds uitgeroei.<br>• Omgewingsbewaring is vandag nog/steeds belangrik.<br>• Omgewingsbewaring word vandag nog/steeds beklemtoon.<br>• Ons moet vandag nog/steeds aan ons verantwoordelikheid teenoor die omgewing/die toekoms herinner word.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.1 | (In) Kaapstad | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.2 | • Anne Frank het op 'n baie jong ouderdom begin skryf.<br>• Anne Frank het ook oor haar eie (dramatiese) lewe geskryf.<br>• Anne Frank was ’n bekende figuur.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.3 | • Dat Hanna 'n vervelige/doodgewone lewe het<br>• Dat daar nie veel in Hanna se lewe gebeur nie<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.4 | • Haar verbeelding/haar skrywerstalent<br>• Haar liefde vir lees/boeke<br>• Haar ingewikkelde gesinslewe/vreemde gesin (of voorbeelde daarvan)<br>• Aanmoediging/goedkeuring van haar gesin/onderwyseres<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| | | | |
| 2.5 | • Beyers het Hanna aangemoedig/gemotiveer/ondersteun/verstaan.<br>• Beyers het ook in taal/woorde/skryfwerk belanggestel.<br>• Beyers het nie onderskeid getref tussen die eie en die stiefkinders nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.6 | • Mana het Gavin net nodig gehad/gebruik om 'n kind te kon hê.<br>• Mana wou nie regtig 'n man in haar lewe hê nie.<br>• Mana en Gavin het net (speel-speel) getrou om die familie gelukkig te hou/die huwelik was net ‘n ooreenkoms.<br>(Aanvaar nie: “Gavin was gay” nie.)<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.7 | • D<br>• sy en haar pa meer in gemeen gehad het as wat sy gedink het.<br>• D sy en haar pa meer in gemeen gehad het as wat sy gedink het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.8.1 | voorkoms | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.8.2 | naam | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.9.1 | • C<br>• Yann en Sharon<br>• C Yann en Sharon<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9.2 | • E<br>• Margot en Beyers<br>• E Margot en Beyers<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9.3 | • A<br>• Mana en Gavin<br>• A Mana en Gavin<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9.4 | • D<br>• Amos en Tibo<br>• D Amos en Tibo<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.10 | uniek | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.11.1 | • Hulle wou nie saamgaan nie.<br>• Hulle was nie opgewonde/bly oor die nuus nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.11.2 | • Mana was nie die tipiese/gewone/konvensionele ma nie.<br>• Mana het dinge anders as ander ma's gedoen/was uniek/tipiese kunstenaar.<br>• Mana het stereotipes afgebreek.<br>• Sy het geglo dit is ongesond om normaal te wees.<br>(Enige EEN oof soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.12 | Ja.<br>• Die gesinslede het mekaar (beter) leer ken/dinge saam beleef.<br>• Die gesinslede het geleer om met mekaar oor die weg te kom.<br>• Hulle het geleer om as 'n gesin saam te werk.<br>• Dit het vir Hanna genoeg stof gegee om haar verhaal te skryf.<br>(Daar is nie regtig 'n "nee" nie)<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.13 | • Margot was baie/te gesteld op haar voorkoms.<br>• Hanna het geglo Margot sou net bedien wou word.<br>• Hanna het gesê alles aan Margot was vals.<br>• Margot was baie gesondheidsbewus/het geoefen/was volgens Hanna vol fiemies.<br>• Margot het haar twee seuns agtergelaat.<br>• Hanna was jaloers op die aandag wat Margot en Sharon aan mekaar gegee het.<br>(Kandidate kan ook voorbeelde van bogenoemde gee.)<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 2 |
| | | | |
| 2.14.1 | hospitaal (toe) | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.14.2 | Johannesburg (toe)/om in die TV-reeks te gaan speel./lughawe toe | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.15 | • C<br>• Gavin gehou het van iets wat Hanna gesê het.<br>• C Gavin gehou het van iets wat Hanna gesê het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.16 | • Gavin se verhouding met Hanna is goed/het verbeter/is herstel.<br>• Gavin is lief vir/trots op Hanna.<br>(Enige EEN of soorgelyk aan bogenoemde.) | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.17 | hulle ma weer weg was. | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.18 | • Die band tussen Margot en haar seuns was nou hegter (en sy sou hulle mis).<br>• Margot het geheg geraak aan Hanna se gesin.<br>• Haar kinders se hartseer het haar geraak.<br>• Margot het die tydjie regtig geniet.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.19 | • Sy vreugde en energie was aansteeklik.<br>• Hy kon tot laat aanhou dans./Hy het nie einde gekry nie./Hy het geweet van partytjie hou.<br>• Hy het probeer om almal te betrek.<br>• Mana het self gesê hy kon lewe in 'n begrafnis blaas.<br>• Hy het op die kombuistafel gedans (selfs toe die kinders al moeg was).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.20 | • Sharon het in 'n nuwe 4X4 by Hanna-hulle aangekom.<br>• Margot het met 'n swart kledingstuk oor haar kop daar opgedaag.<br>• Gavin het oor die drumpel gekruip.<br>• Ditjie het almal op die berg onverhoeds betrap.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br><br>1<br>1<br>1 | 2<br><br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 2.21 | • Hanna het agtergekom dat sy haar nie vir haar gesin hoef te skaam nie/dat sy trots op hulle kan wees.<br>• Hanna het haar gesin leer aanvaar/waardeer.<br>• Hanna het agtergekom dat haar gesin wel ingewikkeld is, maar dat hulle nogtans kan saamwerk as die situasie dit vereis.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.22 | • Haar stories sou lewensgetrou wees.<br>• Sy sou oor haar eie, werklike ervaringe skryf.<br>• Juis omdat haar gesin anders is, sou haar stories anders as die gewone (kon) wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 2.23 | Ek sal vir hulle sê dat ...<br>• dit pittig, maar ook ernstig is.<br>• baie tieners met Hanna se situasie kan identifiseer.<br>• hulle waardevolle lewenslesse uit die verhaal kan leer, bv. oor vooroordeel en stereotipering.<br>• die verhaal 'n mens leer dat jy dikwels baie het om voor dankbaar te wees, al besef jy dit nie.<br>• dit is 'n goeie boek..<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Jacob het (op Meeuland) met voëls/malgasse gewerk/navorsing oor hulle gedoen. | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.2 | Jacob het aan die begin gedink dat die briewe wat Ryna ontvang het, van haar Kaapse kêrel af gekom het.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.3 | • B<br>• Janka wat in die hospitaal was.<br>• B Janka wat in die hospitaal was.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4 | • Hulle was op 'n vreemde plek.<br>• Hulle het dit nie as 'n familiefees gevier nie.<br>• Daar was nie 'n vooruitsig van goeie nuus nie./Hulle het slegte nuus ontvang.<br>• Ryna se verlede en hede het op hierdie dag ontmoet.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.5.1 | • Jacob het nou die volle storie van Ryna se verlede gehoor.<br>• Jacob het Ryna nou beter verstaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.5.2 | • Fred het aangebied om vir Jacob regshulp te kry.<br>• Jacob het besluit om Fred se aanbod van regshulp te aanvaar.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.6 | • In die stad was Ryna getroud (man en kind)✓ en op Meeuland was Ryna alleen.✓<br>**OF**<br>• In die stad het sy die liefde(s) van haar lewe verloor .✓<br>• en op Meeuland het sy weer liefde gevind. .✓<br>**OF**<br>• In die stad was sy Camilla (Calvin)✓ en op Meeuland was sy Ryna (van Rensburg).✓<br>**OF**<br>• In die stad was Ryna gewoond aan luukses/geld/geriewe✓ en op Meeuland het hul eenvoudig gelewe. ✓<br>**OF**<br>• In die stad het sy by die ornitologiese instituut gewerk✓ en op Meeuland het sy navorsing oor seevoëls gedoen.✓<br>**OF**<br>• Die een wêreld was 'n (besige) stad ✓ en die ander wêreld was 'n (verlate) eiland.✓<br>OF | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • In die stad het Ryna met die waarheid van haar verlede/man en kind se dood gelewe, maar op die eiland het sy met die geheime geleef.<br>OF<br>• In die stad was sy alleen, maar op Meeuland word sy deel van Jacob en Janka se lewe.<br>OF<br>• In die stad het Ryna professionele hulp in ‘n kliniek ontvang, maar op Meeuland was Jannerik vir haar ‘n trooster.<br>OF<br>• In die stad is haar kind (Ronnie) dood, maar op Meeuland het sy ‘n kind in Janka gevind.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die verskil moet duidelik wees en die verskille moet by mekaar pas.)<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 3 |
| | | | |
| 3.7.1 | trauma | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.7.2 | vrede | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.8 | Ja.<br>• Ryna het besef dit was deel van haar verlede/vrede met haar verlede maak.<br>• Ryna was emosioneel gesond/kon aanbeweeg.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit het (slegte/nare) herinneringe teruggebring.<br>• Dit kon die mate van genesing wat daar was, tot niet maak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.9 | Albei mans het 'n belangrike rol in haar lewe gespeel./Albei die mans het ‘n rol in haar genesing gespeel.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.10 | • Dit wys dat dit 'n dagboekinskrywing was.<br>• Dit wys dat Ryna daardie dinge gedink het/dit was haar gedagtes.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.11.1 | • A<br>• Jannerik<br>• A Jannerik<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.11.2 | • E<br>• Elsabet<br>• E Elsabet<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.11.3 | • C<br>• Attie<br>• C Attie<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.11.4 | • D<br>• Doreen<br>• D Doreen<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.12 | • Dit maak van die vlamme iets moois.<br>• Die vlamme vernietig nie meer nie.<br>• 'n Nuwe lewe begin na al die trauma.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.13 | (In) Ryna/Ousanna (se huis) | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.14 | geskok | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.15 | • Jacob was baie lief vir Meeuland.<br>• Meeuland was Jacob se wegkruipplek.<br>• Op die wal sou hy met ou hartseer/Blanckenbergs gekonfronteer word.<br>• Jacob sou nie meer die werk kon doen waarvoor hy so lief was nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| | | | |
| 3.16 | Die leser het verwag/gehoop dat Jacob en Ryna ...<br>• vir mekaar sou sê dat hulle lief vir mekaar was.<br>• vir mekaar sou sê dat hulle mekaar (onvoorwaardelik) sou ondersteun.<br>• vir mekaar sou sê wat hulle al lankal wou sê.<br>• oor die toekoms/Janka sou praat.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.17 | • Skalla het (destyds) Jacob se verloofde/Marietjie verkrag.<br>• Skalla het veroorsaak dat oom Matthys/Jacob se pa in die tronk beland het.<br>• Skalla het (onwettig) kreef op Meeuland gaan uithaal.<br>• Skalla het vir Janka geskiet.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 2 |
| | | | |
| 3.18 | • B<br>• haat<br>• B haat<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.19 | • Hierdie beskrywing het vooruitgewys na/voorspel dat/ gesimboliseer dat hartseer gebeure/onheil sou volg.<br>• Hierdie beskrywing het die leser voorberei op hartseer/onheil wat sou volg.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.20 | • (In) oom Bonthuys se ou sinkhokkie<br>• Naby die rivierjetties<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.21 | • Daniel het geweet dat Skalla deur die polisie gesoek word.<br>• Dit sou onverantwoordelik gewees het om self vir Skalla te konfronteer.<br>• Daniel het geweet dat Jacob na Skalla gesoek het.<br>• Daniel het gevoel dis wat familie moet doen/dat Skalla moet boet vir Janka se ongeluk/dat reg moet geskied.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.22 | • Ek sou vir Jacob gesê het dat hy die polisie moes kontak.<br>• Ek sou vir Jacob gesê het dat hy versigtig/kalm moes wees/nie alleen moes gaan nie.<br>• Ek sou Jacob aangemoedig het/'n plan gegee het om Skalla in die hande te kry.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 3.23 | • Ryna het onverwags op Meeuland aangekom.<br>• Jacob het sy eie kind aan die dood afgestaan.dat Janka<br>• Elsabet het vir Jacob verlaat.<br>• Jacob moes tronk toe gaan.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • By Deon/sy vriend/klasmaat<br>• By die krieketoefening<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.2 | • Daar was nie 'n lekker atmosfeer in die woonstel nie.<br>• Daar was nie altyd kos om te eet nie.<br>• Hy wou nie dieselfde verantwoordelikheid as Lien dra nie/wou vry voel.<br>• Hy wou nie met sy ma se drankprobleem gekonfronteer word nie/wou realiteit ontvlug.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.3 | onbetrokke ma | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.4 | • Lien het by die koffiewinkel/by tant Malie (se Tuin)/as kelnerin gaan werk.<br>• Lien het by die haarsalon/Dirkie/Donovan/Millenium Creations gaan werk.<br>• Lien het (op die straathoek) gaan bedel.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 1 |
| | | | |
| 4.5 | • D<br>• onverantwoordelik<br>• D onverantwoordelik<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.6 | • Lien wou nie haar huislike omstandighede met ander bespreek nie/Lien was skaam vir haar (moeilike) omstandighede.<br>• Lien wou nie raakgesien word nie/aandag op haarself vestig nie.<br>• Lien wou nie deel word/wees van die nuwe skool nie./Lien het die skool gehaat.<br>• Lien het nie gedink iemand anders sou verstaan of kon help nie.<br>• Lien het gevoel sy pas nie in by die ander kinders nie/is anders as die ander kinders (weens haar omstandighede).<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.7 | • Dit het Lien gemotiveer om (later) drama te gaan studeer.<br>• Dit het Lien laat besluit om nie meer in die regte te gaan studeer nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.8 | Sy was (Weird) Maria. | 1 | 2 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.9 | • Lien se pa het bedrog gepleeg.<br>• Lien en die res van haar gesin is in armoede gedompel.<br>• Lien het besluit om self geld te verdien.<br>• Lien se gesin is herenig.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 4.10.1 | ondersteunende | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.10.2 | ontspanne | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.11.1 | Lien en Braam/Hulle het gehoop dat ...<br>• die gesin toe weer normaal sou wees/dinge beter sou wees/ normaal sou bly.<br>• hulle ma sou ophou drink/haar regruk/weer haar ou self word.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.11.2 | Hulle ma is met drank kamer toe./Die ma het haar weer onttrek/begin drink. | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.12 | Tibbey | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.13 | Tibbey is (deur 'n motor) raakgery/was in 'n ongeluk/was in die hospitaal./Tibbey se bene was ‘n gemors/beseer. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.14 | Lien wou vir Hein vra om vir Tibbey 'n karretjie/ryding/(spesiale) rolstoel/rystoel/iets om mee te ry te maak/bou. | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.15 | • Hein het daarvan gehou om met sy hande te werk.<br>• Hein het die dekor vir die toneelopvoering help maak.<br>• Hein se pa (het Venter Constructions besit en) kon hom gehelp het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.16.1 | • B<br>• Meneer Jooste<br>• B Meneer Jooste<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.16.2 | • D<br>• Tant Malie<br>• D Tant Malie<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.16.3 | • E<br>• Sproet<br>• E Sproet<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.16.4 | • A<br>• Braam<br>• A Braam<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.17 | agterdogtig | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.18 | • B<br>• besef het juffrou Breytenbach weet dat sy gejok het.<br>• B besef het juffrou Breytenbach weet dat sy gejok het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.19 | Ja.<br>• Tibbey was nie Afrikaanssprekend nie.<br>• Dit is hoe Tibbey en die ander bedelaars/hulle in die roman gepraat het.<br>• Dit maak die verhaal geloofwaardig.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Sulke taalgebruik hoort nie in 'n boek wat vir Afrikaansleerders voorgeskryf word nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.20 | Dit verwys figuurlik na ...<br>• die moeilike situasie/verantwoordelikhede/ wat sy moes dra.<br>• die volwasse/grootmensskoene wat sy moes volstaan.<br>• deursettingsvermoë/opoffering/uithouvermoë/aanhou/geduld<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.21 | • Lien het 'n onselfsugtige/omgee karakter/goeie hart.<br>• Lien het nie net altyd aan haarself gedink nie.<br>• Lien was 'n verantwoordelike/empatiese/simpatieke tiener.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.22 | • Hulle hulp het vir die kinders vastigheid/rigting gebied.<br>• Hulle het 'n mate van normaliteit in Lien en Braam se lewens geskep/as ouerfigure vir die kinders opgetree.<br>• Hulle het die kinders gehelp om hulle vertroue in grootmense te behou.<br>• Tannie Bets het vir die kinders 'n huislike atmosfeer geskep.<br>• Tannie Bets het verhoed dat hulle sou honger ly.<br>• Tannie Bets het vir Lien werk gekry.<br>• Gerhard/Die jong dominee was iemand met wie hulle kon praat/iemand wat hulle nie veroordeel het nie/wat objektief was. ✓<br>• Gerhard het vir Lien gehelp om op te hou bedel.<br>• Gerhard het vir Lien aangeraai om ‘n begroting op te stel sodat die kerkraad hulle finansieel kon help.<br>• Gerhard het gehelp dat Lien se ma gerehabiliteer is.<br>(Die kandidaat kan na tannie Bets en Gerhard saam of na hulle afsonderlik verwys.)<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |
| 4.23 | • Lien het vrede gemaak met haar ouers/pa/ma.<br>• Lien het haar ouers/pa/ma vir hulle foute vergewe.<br>• Die verhouding tussen Lien en haar ouers/pa/ma is herstel.<br>• Lien se innerlike vrede is herstel.<br>• Lien het begrip vir haar ma/pa se situasie ontwikkel.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| | | **[35]** | |
| | | **TOTAAL AFDELING A: 35** | |

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.1 | al tuis | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2 | • Poppie/Sy kon nie skool toe gaan nie/sy moes die kinders oppas.<br>• Poppie het nie van haar ma se man/Mbatane gehou nie.<br>• Ouma Hannie is dood terwyl sy op Lambertsbaai gebly het.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| | | | |
| 5.3 | • Sy het vir Stone ontmoet./Sy is met Stone getroud.<br>• Haar kind/Bonsile is daar gebore.<br>• Sy het (vir die eerste keer) haar eie huis gehad./Sy het by Plank gaan bly./Sy hoef nie meer langer by Mama te gebly het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.4 | • Die wet het so gesê./Die wet het gesê dat die Xhosa-vrouens en kinders moes trek./Die wet wou Xhosa-mense uitroei uit die dorp uit.<br>• Poppie was met Stone ('n Xhosa) getroud.<br>• Werklose Xhosa-vrouens moes trek./Poppie het nie werk gehad nie.<br>• Poppie het alleen in die straat agtergebly./Al die ander huise is platgeslaan.<br>• Poppie is deur die polisie gevang.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.5.1 | (Vir) drie/3 maande | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.5.2 | • Poppie/Sy het nie werk gehad nie.<br>• Poppie was nie op Mama se huiskaart nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.6 | • A<br>• siek was.<br>• A siek was.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.7 | Hulle het nie regtig 'n keuse gehad nie want ...<br>• hulle huise kon afgebrand word as hulle nie sou deelneem nie.<br>• hulle sou as spioene bestempel word.<br>• hulle lewens sou in gevaar wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.8 | Die kinders het die grootmense uitgelag/gespot (omdat hulle vir die polisie weggehardloop/weggekruip het).<br>(Kandidate kan ook voorbeelde van bogenoemde noem.)<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.9 | • Sy het net 8 pond per maand gekry./Sy het min geld verdien.<br>• Sy het van Sondag tot Sondag gewerk./Die werk/lang ure was ongemaklik.<br>• Sy het gesukkel om Stone in die hospitaal te besoek./Sy kon Stone net op Sondae in die hospitaal sien.<br>• Stone het moeilik geraak/was ontevrede (omdat sy hom nie gereeld kon besoek nie).<br>• Die kinders het siek geword en sy kon hulle nie versorg nie.<br>• Dit was vir Poppie sleg om die kinders so vroegoggend alleen te los.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 2 |
| | | | |
| 5.10 | Poppie/Sy was ontsteld/ verbaas/geskok/verstom/ opstandig/negatief.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.11 | Mrs Swanepoel het vir Poppie die meeste gehelp, want ...<br>• sy het Poppie se probleme met die pas heeltemal opgelos.<br>• haar man het kontakte/vriende in die regering gehad.<br>• Mev. Retief kon haar net tydelik help.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.12 | • Dit is toneelaanwysings/neweteks.<br>• Dit wys wat die karakters moet doen/handeling<br>• Dit wys waar/hoe die karakters moet sit/ruimte<br>• Dis nie woorde wat een van die karakters sê nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.13 | • Dit maak die karakters/drama geloofwaardig/outentiek.<br>• Dit dui aan hoe die mense gepraat het.<br>• Dit dui aan dat Afrikaans nie hierdie mense se moedertaal was nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.14.1 | Die skool/onderrig in Afrikaans/Afrikaans "education" | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.14.2 | • die paswette/permitte/apartheidswette<br>• die swaarkry van hulle ouers<br>• die trekarbeidstelsel<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.15 | • Jakkie was kwaad oor die paswette.<br>• Jakkie was kwaad omdat Poppie so moes sukkel om haar pas te kry.<br>• Jakkie kon die onreg teen die swartmense nie meer verduur nie.<br>• Jakkie het baklei vir ('n beter bestel) vir die nageslag.<br>• Jakkie het baklei omdat die ouer mense nie meer die wil gehad het om te baklei nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.16 | Ja.<br>• Jakkie is deur die polisie gevang.<br>• Jakkie moes later vlug vir die polisie.<br>• Jakkie kon gaan werk/studeer het.<br>• Jakkie kon iets oorgekom/seergekry het.<br>• Jakkie sou nie enige erkenning daarvoor kry nie.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Jakkie was 'n leier vir die kinders.<br>• Jakkie het die kinders gehelp.<br>• Jakkie het namens Poppie/die ouer mense opgetree/het in die saak geglo.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.17 | Dit was die kinders se besluit dat hulle oor Kersfees moes rou (vir diegene wat dood is).<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.18.1 | Mosie | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.18.2 | Mama | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.19.1 | • E<br>• polisie<br>• E polisie<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.19.2 | • C<br>• city-borners<br>• C city-borners<br>(Enige EEN)<br>OF<br>• D<br>• inwoners van Nyanga<br>• D inwoners van Nyanga<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.19.3 | • C<br>• city-borners<br>• C city-borners<br>(Enige EEN)<br>OF<br>• D<br>• inwoners van Nyanga<br>• D inwoners van Nyanga<br>• (Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.19.4 | • B<br>• migrants<br>• B migrants<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.20 | Poppie se kleinkind/Vukile/Bonsile se kind is dood.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.21 | • B<br>• nie die kinders se saak ondersteun het nie.<br>• B nie die kinders se saak ondersteun het nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.22 | meer | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.23 | • Ons het Poppie se agtergrond leer ken.<br>• Poppie en haar familie moes Nyanga toe trek.<br>• Poppie moes baklei vir 'n pas met die regte permit daarin.<br>• Poppie het ophou stry en haar kinders toegelaat om aan te gaan.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.1 | • Willem het nie gepraat nie.<br>• Hy het gewonder wat in Willem se kop aangaan/het Willem nie verstaan nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 6.2 | • D<br>• die ruimte en karakters bekendstel.<br>• D die ruimte en karakters bekendstel.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.3 | • Hendrik het Katrien geïrriteer/nie na haar geluister nie.<br>• Hendrik het Willem/Emma nie uitgelos nie.<br>• Hendrik het nie in sy werk gevorder nie/het 'n gebrek aan ambisie gehad.<br>• Katrien was alleen/eensaam.<br>• Katrien was ongelukkig in haar huwelik.<br>• Katrien het nie van die klein plekkie/stasietjie gehou nie.<br>• Katrien het gevoel asof sy vasgevang was/het na vryheid gesmag.<br>• Katrien het gevoel Hendrik is meer gesteld op motors as op haar.<br>• Katrien was moeg gesukkel (met finansies).<br>• Daar was gebrekkige kommunikasie/ongelukkigheid tussen gesinslede.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 2 |
| | | | |
| 6.4 | Die McDonaldgesin (Katrien/Hendrik) voel ...<br>• eensaam/geïsoleerd.<br>• terneergedruk/afgeskeep/verwaarloos/ongelukkig.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Individuele karakters se gevoelens kan genoem word.) | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.5 | stereotipering | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.6 | toneel | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.7 | • Willem was te bang om in sy eie kamer te slaap.<br>• Willem het aan 'n angstoestand gely.<br>• Die probleme tussen sy ouers het vir Willem onseker laat voel.<br>• Katrien het vir Willem in hulle kamer as verskoning gebruik om nie by Hendrik te slaap nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | • E<br>• Hendrik<br>• E Hendrik<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.8.2 | • C<br>• Manuel<br>• C Manuel<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.8.3 | • A<br>• Emma<br>• A Emma<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.8.4 | • B<br>• Katrien<br>• B Katrien<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.9.1 | • Frans het vir Katrien melk/appels/vrugte/goed/kos gebring.<br>• Frans wou weet of hy iets vir Katrien van die dorp af kon bring.<br>• Frans was verlief op Katrien/wou vir Katrien sien.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| | | | |
| 6.9.2 | • Hendrik was jaloers/het Frans nie vertrou nie.<br>• Hendrik se ervarings by vorige stasies (dat ander mans in Katrien belanggestel het) het hom onrustig gemaak.<br>• Hendrik het gedink Frans is verlief op Katrien.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 6.10 | • Die McDonald-gesin het nie werklik gekommunikeer/met mekaar gepraat nie.<br>• Hendrik en Katrien het huweliksprobleme gehad.<br>• Hendrik en Katrien het nie oor hulle probleme gepraat nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.11 | • Emma het vir Katrien gesê dat Hendrik nie van Frans gehou het nie.<br>• Die probleme tussen haar ouers het vir Emma laat voel dat sy nooit wou trou nie.<br>• Emma het opgehou klavier speel.<br>• Die probleme tussen haar ouers het vir Emma gekeer om vir Nollie 'n kans te gee.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.12.1 | (ge)wantrou | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.12.2 | aanvaar | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.13 | • Die mans/Hulle het Jan Mol se optrede goedgekeur/snaaks gevind.<br>• Hierdie mans was sonder integriteit/het geen respek vir ander se besittings gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.14 | • Willem wou Manuel laat lag.<br>• Willem het soos 'n hoenderhen geloop/gemaak.<br>• Willem het vir Manuel probeer moed inpraat/opbeur.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Ons aanvaar nie toertjies nie) | 1 | 2 |
| | | | |
| 6.15 | Ja.<br>• Hendrik was baie kwaad/opgeskroef.<br>• Jan Mol het naby aan sy huis geskiet.<br>• Hendrik se familie was in gevaar.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Hendrik was in die geselskap van kinders/Katrien.<br>• Dit is verkeerd om lelik te praat./'n Mens mag nie lelik praat nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 6.16 | • Die motor was oud/altyd stukkend.<br>• Die windpomp was stukkend.<br>• Hendrik het oor die oorbelle/poeier baklei omdat daar nie geld was nie.<br>• Katrien het geld weggesteek sodat sy dit later kon gebruik om vir haarself iets daarmee kon koop.<br>• Katrien verwyt vir Hendrik dat hy nie vir haar kan sorg nie.<br>• Hendrik was stasiemeester van ‘n baie klein stasietjie/het nie ‘n groot inkomste gehad nie/Katrien was net ‘n huisvrou.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| | | | |
| 6.17 | Toe Willem weg was (en die polisie hom moes gaan soek). | 1 | 1 |
| | | | |
| 6.18 | intimideer | 1 | 3 |
| | | | |
| 6.19 | • C<br>• Die dorpsmense het skinderstories oor die gesin geglo.<br>• C Die dorpsmense het skinderstories oor die gesin geglo.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.20 | • Jan Mol het Manuel geskiet.<br>• Manuel het met die trein vertrek.<br>• Die mense het by die Volstruisdans baklei.<br>• Sakkie du Toit het die McDonalds om verskoning gaan vra.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 6.21 | • Willem het begin praat.<br>• Emma het begin klavier speel/gewys dat sy van Nollie hou.<br>• Hendrik en Katrien het gekommunikeer/gedans/liefde gewys.<br>• As gesin was hulle gelukkiger/het hulle beter gekommunikeer/meer dinge saam gedoen.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |
| 6.22 | • Suid-Afrikaners kom gereeld in opstand teen mense/ veroordeel mense wat van ander lande/kulture kom, maklik.<br>• Daar is vandag gereeld konflik tussen mense wat nie dieselfde dink nie/van mekaar verskil/anders is.<br>• Soortgelyke dinge (bedoelende veroordeling) gebeur ook in Suid-Afrika./Sommige mense in Suid-Afrika is ook so.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Wolwekraal | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.2 | (Op) Knysna | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.3 | • Fiela was ‘n bruin vrou ✓ en Benjamin/Lukas was ‘n wit kind. ✓<br>• Daar was apartheid/rassisme. (slegs een punt)<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |
| 7.4.1 | geliefd | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.4.2 | ontuis | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.5 | • B<br>• hy aanvaar het dat die Bosvrou eerlik was.<br>• B hy aanvaar het dat die Bosvrou eerlik was.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.6 | Fiela het seker gemaak dat Benjamin ...<br>• skoon was.<br>• ‘n trommel met alles wat hy nodig sou hê by hom gehad het.<br>• geweet het hoe om die magistraat aan te spreek.<br>• die magistraat se vrae korrek sou kon antwoord.<br>• vir die magistraat noem dat hulle grond besit.<br>• geweet het dat hy mooi moes skryf/lees as die magistraat hom sou vra.<br>• sy beste klere sou dra/se klere netjies sou wees.<br>• ‘n nuwe hemp ✓, nuwe skoene✓ en Dawid se baadjie ✓ aanhet.<br>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) | 3 | 2 |
| | | | |
| 7.7.1 | • Elias het nou nog 'n paar hande bygekry om te help werk.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.7.2 | • Nina het toe iemand gehad met wie sy dinge/geheime/frustrasies kon deel.<br>• Nina het iemand gehad vir wie sy van die Bos kon leer/wat haar speelmaat kon wees<br>• Nina het ‘n broer gekry wat nader aan haar was as die ander broers.<br>• Nina het Benjamin se slaaphemp as 'n rok gedra.<br>• Nina kon toegang hê tot Benjamin se vyf sjielings.<br>• Nina het iemand gehad wat vir haar geskerm het.<br>• Nina het iemand gehad wat haar help werk het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.8 | • Elias het Fiela gedreig met die magistraat as sy weer daar sou kom.<br>• Elias het vir Fiela weggejaag.<br>• Elias het vir Benjamin gesê as hy 'n hond gehad het, sou hy die hond op Fiela gesteek het.<br>• Elias het (neerhalend) na Fiela as 'n bruinvel verwys/was rassisties teenoor Fiela.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.9 | • Fiela het vir Benjamin voor haar agterdeur gekry.<br>• Benjamin is deur die sensusmanne ontdek.<br>• Benjamin het Bos toe gegaan as Lukas van Rooyen.<br>• Benjamin het sekerheid oor sy identiteit gekry.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 7.10 | Die dramaturg ...<br>• laat Benjamin Fiela se woorde herhaal ("Ek sweer."/"Ek is Fiela se kind."<br>• laat vir Benjamin smeek./laat Benjamin "asseblief" gebruik.<br>• laat Benjamin die woord "Baas" gebruik/onderdanig optree.<br>• wys Benjamin se vrees/innerlike konflik deur wat hy sê/hoe hy optree.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 7.11 | • Dit wys dit was Lukas se gedagtes/onuitgespreekte gevoelens.<br>• Dit wys dat dit nie dialoog is nie.<br>• Dit wys dat Lukas nie die woorde hardop sê nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.12 | • die lange (met die bril)<br>• een van die sensusmanne/sensusopnemers<br>• die man wat Benjamin se trommel gaan haal het<br>• die man wat in die gang agter Barta gestaan het<br>• die man wat in Barta se oor gefluister het om die seun met die blou hempie te kies<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.13 | Barta het haar maklik laat oortuig omdat ...<br>• sy minderwaardig gevoel het.<br>• sy passief/onderdanig was.<br>• sy bang/onseker was.<br>• vreemd in die dorp gevoel het.<br>• bang vir die hof was.<br>• sy gewoond daaraan was om (deur haar man) gemanipuleer/voorgesê te word.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |
| 7.14 | VIR BENJAMIN GAAN SOEK HET/TERUGKRY:<br>• Fiela wou weet wat van Benjamin geword het/waar Benjamin is./Sy wou 'n klag teen die sensusmanne gaan lê omdat hulle nie haar kind teruggebring het nie.<br>MET DIE MAGISTRAAT GAAN PRAAT HET/KONFRONTEER HET:<br>• Fiela wou die magistraat gaan oortuig dat dit 'n fout was om vir Benjamin aan die Van Rooyens te gee./Sy wou hoor hoe ‘n kind van drie so ver kon stap./Sy wou hoor hoekom sy nie ook geroep is om in die hof te wees nie./Sy wou by Barta hoor watter klere Benjamin aangehad het toe hy weggeraak het.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| | | | |
| 7.15 | Benjamin hier vir Fiela belangrik was. | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.16.1 | • E<br>• Magistraat<br>• E Magistraat<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.16.2 | • D<br>• Elias<br>• D Elias<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.16.3 | • B<br>• Nina<br>• B Nina<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.16.4 | • A<br>• Fiela<br>• A Fiela<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.17 | • Selling het Benjamin in tipiese seunsdinge (skuitjies bou) ondersteun/leer roei.<br>• Selling kon Benjamin se gevoelens lees.<br>• Selling het Benjamin op hoogte gehou met wat op Wolwekraal aangegaan het.<br>• Benjamin het Selling as sy pa in die hof erken.<br>• Selling het Benjamin soos sy eie seun behandel.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 7.18 | ondersteun | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.19 | • B<br>• aanhou boer al was Benjamin nie daar nie.<br>• B aanhou boer al was Benjamin nie daar nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.20.1 | • Hy was verlief op sy suster.<br>• Hy wou weet wie hy regtig was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 7.20.2 | die Laghaanse | 1 | 1 |
| | | | |
| 7.21 | • Jy moet versigtig wees oor hoe jy die mense onder jou behandel/besluite neem wat ander mense raak.<br>• Jy moet agtergrond en omstandighede van die mense ken./ Luister na verskillende perspektiewe.<br>• Jy moenie jou mag misbruik nie.<br>• Moenie ander mense manipuleer nie.<br>• Magsmisbruik vernietig lewens.<br>• Moenie bevooroordeeld wees nie/behandel alle mense dieselfde.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |
| | | | **TOTAAL AFDELING B: 35** |

## AFDELING C: KORTVERHALE

### *SPIEËLBEELDE*

### VRAAG 8

8.1 **"VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND" – Dana Snyman**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.1.1 | • (In) Tshing<br>• (In) Ventersdorp (se township) | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.1.2 | trots op | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.3 | • Johannes se huis is van sinkplate en pale/afvalmateriaal gemaak.<br>• Johannes se huis het net een vertrek.<br>• Johannes het min meubels/tweedehandse meubels in sy huis.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde, maar binnekant en buitekant moet aangespreek word. Vensterraam en deur kan binne en buite beskou word.)<br>**LET WEL:** Die drie punte wor.)d toegeken vir die boumateriaal, die grootte van die huis en die eenvoud aan die binnekant. Kandidate mag ook voorbeelde noem. | 3 | 1 |
| | | | |
| 8.1.4 | Die "forty"/veertig sinkplate ...<br>• is Johannes se beskerming teen dinge wat hom bedreig/moontlike gevaar.<br>• skep vir Johannes 'n huislike/warm atmosfeer.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.5 | Die voordeur was dieselfde kleur as die verteller se pa se tuinhekkie en posbus./Sy pa het dieselfde verf by sy huis gebruik.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 8.1.6 | • Johannes was besig om 'n hoenderhok te bou om hoenders te kon aanhou.<br>• Johannes het 'n maer hond gehad.<br>• Johannes het sy hond aan 'n draad vasgemaak.<br>• Johannes se sinkplaathuisie was tipies township/saamgeflans uit afvalmateriaal.<br>• Johannes se erf was skoongevee.<br>• Die buitetoilet<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.1.7 | • Johannes het hulp nodig gehad om die rol ogiesdraad by sy huis te kry.<br>• Die verteller en Johannes het by Johannes se huis aangekom.<br>• Johannes het vertel waar hy die materiaal gekry het om sy huis te bou.<br>• Die verteller het die wynrooi bank herken.<br>(Kandidaat kry ✓ vir elke gebeurtenis wat op die regte plek in die volgorde is.) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| | | | |
| 8.1.8(a) | slot | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.8(b) | ironie | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.1.9 | Die wynrooi bank het die verteller ...<br>• aan sy ma laat dink.<br>• aan sy kinderjare/tv-kinderprogramme laat dink.<br>• aan hoogtepunte in sy lewe laat dink.<br>• laat glimlag.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 8.1.10 | Die slot het die leser verras, want die leser het besef dat ...<br>• die verteller baie min van Johannes af geweet het byvoorbeeld sy kerkgenootskap (al het Johannes vir sy pa gewerk).<br>• dit nie vir Johannes saakgemaak het dat die verteller nie sy naam geken het nie.<br>• die verteller eers aan die einde Johannes se regte naam leer ken het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 8.1.11 | • C<br>• Suid-Afrikaners nie mekaar se leefwêrelde verstaan nie.<br>• C Suid-Afrikaners nie mekaar se leefwêrelde verstaan nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 5 |

8.2 **"VAN PRECIOUS: 'N BUISIE SALF" – Maretha Maartens**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.2.1(a) | (Hulle het afgekondig) dat Precious/sy een van die finaliste in die (debats-/redenaars-) kompetisie was.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.2.1(b) | Sy is verkrag. (of sinonieme van "verkrag", moenie slegs "aangeval" aanvaar nie) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.2 | Dit was die tema van die debats-/redenaarskompetisie. | 1 | 2 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.2.3 | • D<br>• dit lankal tyd was dat mense eerliker met mekaar moes wees.<br>• D dit lankal tyd was dat mense eerliker met mekaar moes wees.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.4 | • Coenie het Precious vertrou.<br>• Dit was sy manier om hulle aandag van die ongeluk af te lei.<br>• Toe hy vir Precious van sy vel vertel het, het hy nog nie geweet haar probleem is veel erger nie.<br>• Precious was openhartig teenoor Coenie.<br>• Hulle amper-dood ervaring het 'n vertrouensverhouding tussen hulle veroorsaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.5 | • Precious het Coenie laat besef dat erger dinge met mense gebeur/Coenie se uitkyk op die lewe verander.<br>• Precious het Coenie laat besef dat dit nie net hy was wat probleme gehad het nie.<br>• Precious was so spontaan teenoor Coenie.<br>• Precious het Coenie se selfbeeld verbeter/na hom geluister/bemoedig.<br>• Precious sou vir hom 'n oplossing vir sy velprobleem/'n buisie salf gee.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 8.2.6 | Louise/Alberts | 1 | 1 |
| | | | |
| 8.2.7(a) | • D<br>• Mevrou Buchner<br>• D Mevrou Buchner<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.7(b) | • C<br>• Tooi Buchner<br>• C Tooi Buchner<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.7(c) | • E<br>• Solomon Chauke<br>• E Solomon Chauke<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.7(d) | • B<br>• Precious Bapela<br>• B Precious Bapela<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 8.2.8 | Ons leer dat ...<br>• mense (van verskillende kulture) mekaar moet verstaan/ help/raaksien/ondersteun.<br>• elke mens unieke probleme mag hê.<br>• dit help om oor jou probleme te praat.<br>• die beeld wat ons van ander het, is nie altyd akkuraat nie.<br>• ons eie probleme soms groot lyk totdat ons ander mense se probleme raaksien/die aard van mense se probleme wissel in die graad van erns.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 8.2.9 | Die ongeluk is die belangrikste insident in die verhaal want ...<br>• as die ongeluk nie plaasgevind het nie, was die res van die storie nie moontlik nie.<br>• as die ongeluk nie plaasgevind het nie, sou die titel nie duidelik geword het nie.<br>• as die ongeluk nie plaasgevind het nie, het Coenie nooit tot nuwe insigte gekom nie.<br>• as gevolg van die ongeluk het die karakters mekaar beter leer ken/die leser die karakters beter leer ken.<br>(Kandidate mag ook voorbeelde uit die verhaal noem.)<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 8.2.10 | versigtig gekies het | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.11(a) | Dit verwys na 'n medisinale smeermiddel (om jou vel gesond te maak)<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.11(b) | Dit verwys na vertroosting/omgee/simpatie/begrip/om hartseer te verlig.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 8.2.12 | • Dit behou die spanning.<br>• Die leser wonder die hele tyd wat die betekenis van die titel is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | |
| 8.2.13 | • Precious en Coenie het vriende gebly.<br>• Precious en Coenie/Hulle het kontak behou.<br>• Precious en Coenie/Hulle gaan het mekaar probeer ondersteun.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[35]** | |

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### VRAAG 9

9.1 **"EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE" – HA Fagan**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.1.1 | ('n) Engelse sonnet | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.2 | • Dit maak die gevaar buite/onheil/geluide erger/duideliker.<br>• Dit versterk die gevoel van gevaar/vrees.<br>• Dit beklemtoon/versterk die gedagte van veiligheid binne die huisie/onveiligheid buite die huis.<br>• Dit beklemtoon dat in die donkerste tye daar altyd lig sal wees (jou geloof sal jou dra).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.3 | • Die herhaling/repetisie van "aaneen". (Aanvaar nie net: "herhaling" nie.)<br>• "(Ek hoor) aaneen, aaneen (die golwe slaan)" | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.4(a) | gevaarlike | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.4(b) | beskermende | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.5 | • huil<br>• kreun<br>• klag/klagend | 3 | 1 |
| | | | |
| 9.1.6 | • Dit wys hoe weerloos/swak/onveilig die huisie (teen die storm) is.<br>• Dit wys hoe klein die huisie teen die storm is.<br>• Dit wys hoe magtig die storm (buite die huisie) is.<br>• Dit wys daar is min/klein bietjie lig/veiligheid/warmte.<br>• Dit wys dat iets kleins (soos die kersie en vuurtjie) vir jou lig/warmte/rustigheid/hoop gee.<br>• (Op 'n abstrakte vlak kan dit dui op) geloof/hoop.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.7 | • Dit maak die spreker se ervaring (wat hy doen) en beskrywing persoonlik.<br>• Dit beklemtoon/wys dat dit die spreker se ervaring/huis is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.8 | maar/tog/nogtans/nietemin/dog/hoewel/alhoewel/ofskoon | 1 | 3 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.1.9(a) | • D<br>• " ... **aa**neen, **aa**neen die golwe sl**aa**n teen**aa**n"<br>• D " ... **aa**neen, **aa**neen die golwe sl**aa**n teen**aa**n"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.9(b) | • C<br>• "maar nog **s**oek en **s**mag ..."<br>• C "maar nog **s**oek en **s**mag ..."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.9(c) | • A<br>• "Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,<br>soos van verlore siele in hul nood ..."<br>• A "Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,<br>soos van verlore siele in hul nood ..."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.9(d) | • E<br>• " ... hoe loei die storm daar buite ...<br>hierbinne is dit veilig ..."<br>• E ... "hoe loei die storm daar buite ...<br>hierbinne is dit veilig ..."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.10 | paarrym | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.1.11 | • C<br>• Die spreker is veilig teen letterlike en figuurlike storms.<br>• C Die spreker is veilig teen letterlike en figuurlike storms.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | | | |
| 9.1.12 | OPTREDE:<br>• Die spreker nooi/daag die magtige wind en oseaan uit om hul mag teen sy eenvoudige huisie te toets.<br>• Die spreker kontrasteer sy huisie met die magtige oseaan.<br>• Die spreker maak staat op die rots wat sy huisie veilig hou.<br>• Die spreker tree uitdagend op.<br>WOORDGEBRUIK:<br>• Die woord "kom" word meer as een keer gebruik.<br>• Die gebruik van die woord "is" dui op sekerheid/selfvertroue.<br>BASIS VAN SELFVERTROUE:<br>• Hy kan sy selfvertroue uitdruk omdat hy op sy geloof steun.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde – nie net beperk tot sigbare handeling nie) | 1 | 5 |

## 9.2 "PALIMPSES" – Johann de Lange

Kopiereg voorbehou 

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.2.1 | • "blou"/blou<br>• "kreukellose"/kreukellose<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 9.2.2(a) | VRA HULP:<br>• Die mens moenie bome vernietig/afkap nie. (Oorweeg Direkte Rede)<br>• Die mens roei die bome uit.<br>• Die bome kry seer.<br>• Die bome roep/vra om hulp/om bewaar te word.<br>AANKLAG TEEN DIE MENS:<br>• Die mens tree onverantwoordelik teenoor bome/die natuur op.<br>• Die mens moet sy verantwoordelikheid teenoor bome/die natuur aanvaar.<br>MORELE LES:<br>• Bome is belangrik vir die ekosisteem.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde – hanteer ander antwoorde met diskresie n.a.v. bogenoemde temas) | 1 | 4 |
| | | | |
| 9.2.2(b) | VANUIT DIE MENSE SE PERSPEKTIEF:<br>• Mense dink net aan die voordeel wat hulle uit die bome kan trek (bv. papier maak, as vuurmaakhout gebruik, ens.)<br>• Die vernietiging van bome gaan dikwels gepaard met die een of ander vorm van ontwikkeling.<br>• Mense is oningelig.<br>• Mense gee nie om nie/is selfsugtig. Mense verstaan nie boomtaal nie.<br>VANUIT DIE BOME SE PERSPEKTIEF<br>• Aanvaar ook antwoorde op ‘n meer letterlike vlak vanuit die bome se perspektief bv. Bome skryf in die lug (iets wat mense nie kan sien nie, nie ‘n konkrete boodskap nie).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde – 9.2.2(a) en 9.2.2.(b) hoef nie as ‘n eenheid hanteer te word nie) | 1 | 4 |
| | | | |
| 9.2.3 | • C<br>• te beklemtoon dat die bome hulpeloos in die hele proses is.<br>• C te beklemtoon dat die bome hulpeloos in die hele proses is.<br>OF<br>• D<br>• te beklemtoon dat die hout op verskillende maniere verwerk word.<br>• D te beklemtoon dat die hout op verskillende maniere verwerk word.<br>• (Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.2.4(a) | vel | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.2.4(b) | maal | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.2.4(c) | pulp | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.2.5 | • 'n digter<br>• 'n skrywer<br>• enige iemand wat op papier skryf/tik<br>• enige aktivis (vir die bewaring van bome/teen die uitroei van bome)<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 9.2.6 | Die "pyn"/pyn verwys na:<br>• emosies/emosionele pyn/swaarkry van die mense/bome.<br>• die skade wat aan die natuur aangerig word.<br>• die onvolmaaktheid van ons bestaan.<br>• die pyn van die skeppingsproses (kuns).<br>• die pyn wat die mens oor hierdie vernietiging ervaar.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.2.7 | "kletterend"/kletterend | 1 | 3 |
| | | | |
| 9.2.8(a) | byl(e) | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.2.8(b) | tikmasjien/papier/woorde | 1 | 2 |
| | | | |
| 9.2.9 | "fynste grein"/fynste grein (moet opeenvolgend wees) | 1 | 1 |
| | | | |
| 9.2.10 | Titel: Palimpses is 'n ou perkamentrol waarop weer geskryf kan word. ✓ (m.a.w. herwinning)<br>Boodskap/gedig: Bome word afgekap en vir papier gebruik. ✓(m.a.w. herwinning)<br>(Die titel en die boodskap is nie interafhanklik nie, kandidaat kan dus 1 of 2 punte kry. Die antwoorde hoef nie in 'n spesifieke volgorde gegee te word nie.)<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| | | | |
| 9.2.11 | • Die "hy" sê wat die bome nie kan sê nie.<br>• Die "hy" verwoord dit wat die bome in die lug skryf.<br>• Die "hy" bring die vernietiging van bome onder die aandag van die mens.<br>• Die "hy" laat mense aan die vernietiging van bome dink.<br>• Hy skryf/tik op papier (wat van die afgekapte bome gemaak is).<br>• Hy dra die bome se boodskap oor.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 9.2.12 | • Ons roei die natuur uit.<br>• Die gedig maak mense bewus van die vernietiging agter die maak van papier.<br>• Meer mense/groepe is deesdae bereid om hulle verantwoordelikheid vir die natuur te aanvaar/vir bewaring van die natuur/vir herwinning te veg.<br>• Die gedig handel oor herwinning wat in ons samelewing 'n gonswoord geword het.<br>• Mense vermeerder vinnig en almal het suurstof nodig om van te lewe en dit kry ons van bome.<br>• Ons kan leer om iets moois/lewe te skep uit dit wat ons vernietig, (regmaak wat ons verbrou het).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[35]** | |
| **TOTAAL AFDELING D: 35** | | | |
| **GROOTTOTAAL: 70** | | | |

Kopiereg voorbehou